✉ 28176
DANHOF
9310
☎ 051 - 436-2730/1
🖷 051 - 436-4174
E-pos: wpps@wpps.co.za

Willem Postma Primêre Skool

Poulteneystraat 13 - Dan Pienaar - BLOEMFONTEIN - 9301

MIV/VIGS BELEID

1. INLEIDING

Willem Postma Primêre Skool is bewus van die verreikende morele, sosiale en ekonomiese implikasie van die MIV/VIGS epidemie op alle Suid-Afrikaners.

Afgesien van die feit dat hierdie 'n lewensgevaarlike, chroniese siektetoestand is, is dit direk verstrengel met sulke kontensieuse aangeleenthede soos seks, seksualiteit, ras, godsdiens en dwelmmisbruik.

Onkunde oor die aard van en ontkenning van die bestaan van die epidemie lei dikwels tot die ontstaan van mites en wanopvattings omtrent talle fasette van MIV/VIGS. Hieruit spruit weer diskriminasie teen, verwerping van en isolering van diegene wat deur MIV/VIGS geïnfekteer of geaffekteer is.

As opvoedkundige gemeenskapsinstansie het Willem Postma Primêre Skool 'n baie belangrike rol om te vervul ter bekamping van die verspreiding en die minimalisering van die impak van hierdie epidemie op sy onmiddellike omgewing, maar ook op die breë Suid-Afrikaanse gemeenskap.

Die beleid wat hier volg is dan 'n uiteensetting van dit wat gedoen sal word om bg. strewe te realiseer en wel binne die riglyne soos deur die regering uiteengesit.

2. DOELWITTE

2.1 Om die jong kinders in ons sorg te bemagtig met die nodige inligting, waardes en vaardighede om die aanslae van die epidemie die hoof te bied.

2.2 Kweek van empatie en ondersteuning vir almal wat deur MIV/VIGS geïnfekteer maar ook geaffekteer is.

2.3 Die uitwissing van wanopvattings en mites rakende die oorsake, verspreiding en impak van die epidemie deur volgehoue opvoeding.

2.4 Om pro-aktief in die gemeenskap op te tree om die nood te verlig van hulle wat deur MIV/VIGS geïnfekteer of geaffekteer is en wel deur noue samewerking van alle beskikbare gemeenskapsdienste.

3. MIV/VIGS KOMITEE

Om te verseker dat hierdie doelwitte getrou nagekom sal word, sal daar 'n werkskomitee op 'n jaarlikse basis verkies en aangestel word. Hierdie komitee sal saamgestel word uit toegewyde, belangstellendes uit die gemeenskaps-, opvoeder- en ouergeledere.

Die komitee kan bestaan uit 'n kombinasie van die volgende:

3.1 Twee (2) lede van die opvoedkundige personeel.

3.2 Een (1) verteenwoordiger van die Skoolbestuurspan.

3.3 Een (1) verteenwoordiger van die Beheerliggaam.

4. HUIDIGE WETGEWING

Daar sal nie teen enige bestaande of voornemende opvoeders, werknemers of leerders van Willem Postma Primêre Skool met MIV/VIGS gediskrimineer word nie.

Die volgende regte soos vervat in die Suid-Afrikaanse Konstitusie sal gehandhaaf word:

4.1 Die reg op gelykheid

4.2 Die reg op nie-diskriminasie

4.3 Die reg op privaatheid

4.4 Die reg op opvoeding

Daar sal ook te alle tye gepoog word om 'n veilige omgewing te skep waar binne die risiko van besmetting bekamp sal word met die inagneming van alle opvoeders, leerders en werknemers se reg op 'n gesonde, veilige werksomgewing soos bepaal deur die Wet op Beroeps-gesondheid en Veiligheid.

5. HIV/VIGS AKSIEPLAN

Willem Postma Primêre Skool onderneem om die volgende programme te loods ter bekamping van die HIV/VIGS epidemie. Hierdie programme word grootliks vervat in die Lewensoriëntering Program soos deur die Departement Onderwys bepaal en goedgekeur is:

5.1 Aanleer van geestelike, morele, etiese waardes, soos selfdissipline, respek vir andere en self, verdraagsaamheid, medemenslikheid, ens.

5.2 Die bou van 'n positiewe selfbeeld by elke leerder sodat hy/sy homself/haarself as 'n unieke, waardevolle, Godgeskape individu sal sien.

5.3 Seksualiteitsopvoeding in ten minste vier dimensies, nl. biologies, psigososiaal, eties en kultureel.

5.4 Die aanleer van lewensvaardighede om hulle in staat te stel om dinge soos groepsdruk, mishandeling, molestering en uitbuiting te hanteer.

5.5 Die kweek van positiewe gesindhede en verdraagsaamheid teenoor hulle wat HIV/VIGS geïnfekteer of geaffekteer is.

5.6 Verspreiding van opvoedkundige inligting en materiaal aan die leerders en gemeenskap.

5.7 Sportbeseringsbeleid: ('Blood Policy')

- Sodra daar 'n besering is wat bloei, moet sodanige speler / leerder onmiddellik van die veld af.
- Sodanige leerder / speler ontvang hulp met besering.
- Sodra bloeding gestop het, mag leerder weer op die veld toegelaat word.
- Geen leerder/ speler sal met 'n oop / gapende wond op die sportveld toegelaat word nie.

Leerders sal attent gemaak word op hul pligte en regte ten opsigte van nakoming van hierdie beleid deur hulself, afrigters, skeidsregters en ander leerders / spelers.